**Publication:** Rapport - Sake
**Title:** Korrels 'n doepa vir vuil water
**AVE:** 49851.82
**Page:** 2
**Publish Date:** 19 May 2019
**Author:** Liesl Peyper

**Enrico Anelli met die jellie-korrels wat hy ontwerp het vir watersuiwering.** | FOTO: LIESL PEYPER

# Korrels 'n doepa vir vuil water

**Liesl Peyper**

Enrico Anelli se EnviroBeads - jellie-agtige korrels wat uit duisende mikro-organismes bestaan - is 'n kitsantwoord vir die vuil rivierwater en gebrekkige sanitasie waarmee talle Suid-Afrikaners in veral landelike gebiede daagliks sukkel.

Dié ingenieur en entrepreneur is 'n kenner op die gebied van watersuiwering en het sy produk die afgelope week by die Africa Utility Week-konferensie in Kaapstad bekend gestel.

"Die korrels kan water absorbeer en bevat lewende, goeie bakteriese kulture. Dit word tot 100 keer groter wanneer dit in bakteriese vloeistof gedompel word en stel mikro-organismes geleidelik oor 'n tydperk van 48 uur vry, wat vuil water by rioolaanlegte, in riviere en septiese tenks suiwer," verduidelik hy.

'n Paar munisipaliteite en private kliënte maak reeds van Anelli se jellie-korrels gebruik, maar grootskaalse ondersteuning van die regering is daar nie, sê hy.

"Ons pogings om byvoorbeeld die Emfuleni-munisipaliteit (Vanderbijlpark en omstreke) sover te kry om ons produk te gebruik, het op dowe ore geval, terwyl die Vaalrivier daagliks sieker en sieker word."


The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.